# Lesing 02.04.2018 - DEEL 7 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

Die meet van profesieë met die Boek van Herinnering

Ons dame, Aletta Barkhuizen, se visioen bepaal dat daar vanaf 16 Desember 2002 nog 280 dae oor sal wees voordat JaHWeH sekere oordele oor die wêreld en oor Sy volk sal bring (of sal aankondig). Ons het gesien dat dit `n uurglas is wat leegloop, asook die letter, "M" wat die einde van die 6000 jaar aangedui het en die begin van die laaste 1000 jaar. Onthou dat die spesifieke dag nie altyd noodwendig die begin is nie, dit kan ook die aankondigingsdatum wees van verdere oordele.

Bladsy 280: Die Boek van die Opregte 19.

As ons nou na ons meetinstrument gaan, en wel na bladsy 280, sien ons die volgende: Dit is die **Boek van die Opregte hoofstuk 19** wat op daardie bladsy gedruk is en die opskrif lui, "***Sodom en Gomorra***".

Elke Skrifstudent weet dat hierdie stede se uiteindelike lot `n voorspel was wat van met die huidige Babel, die huidige Nuwe Wêreldorde, sal gebeur. Net soos wat hulle vernietig is, so sal Babel ook met vuur uit die hemele vernietig word. Op hierdie bladsy is daar egter `n baie belangrike verhaaltjie van Lot se dogter, Paltit (betekenis: my verlossing) wat `n arm man wat die dorp ingekom het, gehelp het en later doodgemaak is deurdat hulle haar in `n vuur gewerp het.

Die verhaal word hieronder geplaas, sien my invoegings in hakies wat die verhaal profeties aandui vir die tyd waarin ons nou lewe: **Opregte 19:25-35:**

*25 `n Arm man het die stad ingekom om 'n onderhoud te soek en hy het vir 'n aantal dae in die stad gebly, en al die mense van Sodom het 'n afkon-diging gemaak uit hulle gewoonte om die man nie 'n stukkie brood te gee om te eet nie, totdat hy dood op die grond sou neerval en hulle het so gedoen.*

In 1994 kom ons Boerevolk, voorgestel deur die die arm man, in die nuwe Babiloniese sisteem van die Nuwe Suid-Afrika (voorgestel deur Sodom en Gomorra) aan. Sien meegaande inligting in verband hiermee. Hier word die arm man, die volk, verbied om enige "brood", verwysend na die liggaam van ons Verlosser, wat die "Brood" van die ewige lewe is, te ete te kry. Dit is presies wat gebeur het nadat die kommuniste, met die hulp van ons volk se kerke, en onder leiding van die Nuwe Wêreldorde die bewind in Suid-Afrika oorgeneem het. Die volk het daarna begin smag na die ware evangelie, die Brood van die lewe, maar het net menseleerstellings van die kerke se dominees gekry, garskoeke gebak op mensedrek (**Esegiël 4:12**).

*26 En Paltit, die dogter van Lot, het hierdie man in die straat sien lê, sterwend van honger en nie een wou hom enigiets gee om hom aan die lewe te hou nie en hy was op die punt om te sterf.*

*27 Haar siel was gevul met jammerte vir die man en sy het hom in die geheim met brood gevoer vir baie dae en die siel van die man het herstel.*

Hierdie vrou, Paltit (wat beteken, my verlossing), stel die Dogter van Sion voor wat die brood van die lewe, naamlik die Woord van JaHWeH, geneem het en die arm man (in die Gees) skelm begin voed het. Op die mees geheime en somtyds sluwe maniere moes ons die Brood vir die volk ingee, sonder dat die verraderlike Baälpriesters daarvan te hore gekom het.

*28 Want wanneer sy uitgegaan het om water te gaan haal, het sy brood in die waterkan geplaas en wanneer sy op die plek gekom het waar die arm man was, het sy die brood uit die waterkan gehaal en dit aan hom gegee om te eet; so het sy baie dae gedoen.*

Water is kennis, en om brood in `n waterkan weg te steek, is om die ware Woord dus in kennis oftewel inligtingstukke te versteek en dit dan vir die volk in te gee. So het die Israel waarheid dan begin posvat onder die volk, en elke Israeliet wat daaraan meegedoen het, was deel van die geprofeteerde Dogter van Sion, deel van die oorblyfsel.

*29 En al die mense van Sodom en Gomorra het gewonder hoe hierdie man verhongering soveel dae kon verdra.*

*30 Hulle het aan mekaar gesê: Dit kan net wees omdat hy eet en drink, want geen adamiet kan verhongering vir soveel dae verduur of oorleef soos hierdie man, sonder dat selfs sy voorkoms verander nie: en drie manne het hulle versteek naby die plek waar die arm man was om uit te vind wie dit was wat hom brood gebring het om te eet.*

So kon die kommunistiese gespuis met hulle wit meelopers ook nie verstaan hoekom die Boerevolk nog nie vernietig is nie en nog nie aanhangers van hulle gruwelike, ateïstiese, pornografies behepte en korrupte samelewing geword het nie. In die week voor die 16de Desember 2002, naamlik die week waar die Gelofte daagliks vir sewe dae deur getroue Boere afgelê is, was daar `n vergadering van die Nasionale Intelligensie se topbestuur in die Staatspresident, Thabo Mbeki se kantoor. Hier het die president gevra hoe sake nou staan met die vernietiging van die Boerevolk. Een van sy wit

lakeie het geantwoord dat alles voorspoedig verloop, en dat die hele volk óf gekoop was, óf onder afdreiging staan. Daar was niks te vrese nie.

Toe staan een van hierdie ander amptenare op en sê dat dit onwaar is, want daar is `n groep onder die Volk wat hulleself nóóit sou laat omkoop nie. Op `n vraag van die president wie dit was, antwoord hy: "*They are the Israelites*." Mbeki het hierop so woedend geword dat hy sy stoel omgestamp het, sy tassie toegeklap het en die volgende woorde geskree het: "*Destroy them*."

Omdat hierdie woorde beskou kan word as `n bevelskrif of edik van die koning dat die oorblyfsel van Juda gedood moet word, moet ons aanneem dat hierdie woorde `n geweldige impak sou gemaak het op die stryd tussen die saad van die bose en die kinders van JaHWeH.

Uit die voorafgaande het ons dus gesien dat Mbeki alreeds `n doodsdekreet uitgevaardig het teen die Israeliete in die Boerevolk. Ook het sy toordokter, Credo Mutwa op verskeie geleenthede daarvoor gewaarsku dat daar `n wit leeu is wat nie sal saamloop met die linkse stroom nie. Daar was minstens twee visioene daaroor, wat absolute konsternasie in die kabinet veroorsaak het. Vandag weet Mbeki dat hierdie wit leeu (Juda) die getroue Israeliete in Suid-Afrika is .

Onthou ook dat die visioen van Aletta slegs een week later gegee is, dit wil sê `n aftelling na `n toekomstige oordeel oor Babel.

*31 En Paltit, die dogter van Lot, het daardie dag uitgegaan om water te gaan haal en sy het brood in haar waterkan geplaas en sy het water gaan skep naby die arm man se plek en sy het die brood uit die kan gehaal en dit aan die arm man gegee en hy het dit geëet.*

*32 Die drie manne het gesien wat Paltit vir die arm man doen en hulle het aan haar gesê: Dan is dit jy wat hom versorg het en daarom het hy nie uitgehonger nie en ook nie in voorkoms verander nie, of soos die ander gesterf nie.*

*33 Die drie mans het uit die plek gekom waar hulle weggekruip het en hulle het Paltit gegryp en die brood wat in die arm man se hand was.*

*34 En hulle het Paltit geneem en haar voor hulle regters gebring en aan hulle gesê: So het sy gedoen en dit is sy wat die arm man van brood voorsien het, daarom het hy al die tyd nie gesterf nie; verklaar daarom aan ons wat is die straf wat die vrou toekom omdat sy ons wet oortree het.*

Hier is `n duidelike verwysing na die geweldige verraad wat onder die Boerevolk sal wees, en hoe die verraaiers tussen ons sal wegkruip om te sien vir wie ek en u brood gaan gee. Dit is daarom dat adreslyste van Dogter van Sion, van Vaandel uitgewers, Lewende Hoop bediening en ander organisasies ten alle koste deur Nasionale Intelligensie in die hande gekry moes word. Alle gelowiges van JaHWeH moes gemerk word. Hierdie geheime agente moes sien wie hulle is wat die Brood (JaHshua) kry, hulle wat die Waarheid kry. U sien, dit gaan nie oor wapens nie, hulle weet dat wanneer u en ek by die Messias en by Sy Waarheidsgetroue woord staan, ons onoorwinlik is. Die tragiese volgende vers vertel die lot van hierdie dapper dogter, net omdat sy die brood vir `n arm man gegee het. Mag Vader JaHWeH behoed dat haar lot ook die uiteindelike lot van die Dogter van Sion sal wees.

*35 Die mense van Sodom en Gomorra het saamgekom en het `n vuur aangesteek in die straat van die stad, en hulle het die vrou geneem en het haar in die vuur gegooi en sy is tot as verbrand. [JeshaJaH 53:7]*